Verwysing: 20170323-9374
13/30/1
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0008/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunk-direkteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die VBOO-vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Aansoek om posisies as interne moderator, hoofnasiener, en nasiener vir die November 2017 tot Junie 2019 Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding (VBOO) Vlak 4-eksamens

1. Aansoeke word ingewag van onderwysers, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria voldoen, soos uiteengesit in **Bylae A**, vir posisies as interne moderators, hoofnasieners en nasieners vir die November 2017 tot Junie 2019 Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding (VBOO) Vlak 4-eksamens. 'n Lys met VBOO Vlak 4-leerareas is hierby as **Bylae B** aangeheg.

2. **Voorlegging van aansoeke**

2.1 **Alle aansoeke** moet op die aangehegte aansoekvorm **(Bylae C)** gedoen word en vergesel wees van 'n voltooide verklaringsvorm. 'n Afskrif hiervan is by hierdie minuut aangeheg **(Bylae D).**

2.2 **Alle nuwe aansoekers moet die volgende dokumente by hul aansoekvorms voeg:**

- Curriculum Vitae
- Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument
- Gewaarmerkte afskrif/te van akademiese studierekord/s
- Gewaarmerkte afskrif/te van kwalifikasiesertifikaat/-sertifikate

2.3 Aansoeke moet by die volgende adres ingedien word:

Hoof: Onderwys
Vir aandag: Me N Kanase
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Wes-Kaap Onderwysdepartement
5de Vloer, (Kamer 5-29), Grand Central Towers
Laer Parlementstraat
KAAPSTAD, 8001

Aansoeke moet die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) teen **Vrydag, 28 April 2017** bereik.

3. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik van hul aanstellings verwittig en versoek word om 'n kontrak met die WKOD te sluit. Verdere korrespondensie aangaande die nasienproses sal dan volg.

4. Die nasien van VBOO Vlak 4-eksamenantwoordstelle is een van die belangrikste funksies van die eksamineringsproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Sentrumbestuurders en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree. Let asseblief daarop dat die verskaffing van foutiewe inligting op die aansoekvorm as bedrog beskou sal word, en daar sal ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), opgetree word.

5. Dit is uiters belangrik dat sentrumbestuurders, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers bring sodat hulle vertroud sal wees met die aanstellingskriteria voordat aansoeke ingedien word. Die Direktoraat: Eksamenadministrasie kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien onderwysers nie oor die inhoud van hierdie minuut ingelig word nie.

6. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning ten opsigte van hierdie belangrike saak.

GETEKEN: T SINGH
WAARNEMENDE ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-04-10